Liefste
‘n Ma is…
Die engel wat lewe skenk aan ‘n kind,
Die een wat jou die pad na die hemel help vind.
Die een wat haar arms om jou vou,
Die hen wat haar kuikens bymekaar kan hou.
‘n Ma is…
Die een wat ons altyd in haar hart hou,
Die een wie se liefde ons altyd sal onthou.
Geen ander plek waar ons liefde kan vind,
As die liefde tussen “ma en kind”.
‘n Ma is…
Die een persoon wat alyd in ons glo,
En ons geleer het van ons Vader daarbo.
Die een mens wat altyd mooi dinge van jou sê
Die een persoon wat al haar kinders ewe veel lief kan hê.
‘n Ma…
Verstaan haar kind se hart
en troos in tye van hartseer en smart.
God het die moeders die mooiste van alle skeppings gemaak,
al dink die pa’s nie altyd die ma’s is meer so mooi nie.
En as Ma eendag by God gaan rus,
Sal ek weet dat sy die mooiste engel is.
My ma is my alles!
Gelukkige Moedersdag
Mamma